The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 5 Terms & Conditions) without prior permission of the original publisher.

BURGER 2012/02/22 Page: 2

AVE: R 7599.5

Projek takel 'verdraaide geskiedenis'

Pauli van Wyk

PRETORIA. – AfriForum het gister 'n projek van stapel gestuur vir Suid-Afrikaners wat moeg is vir die huidige regering se "verdraaiing van die geskiedenis" ten einde "politieke wanvoorstellings" vir soetkoek te verkoop.

Mnr. Ernst Roets, uitvoerende adjunkhoof van dié burgerregte-organisasie, het Suid-Afrikaners aangemoedig om Dinsdag 'n sosialemedia-staptog te ondersteun om 'n memorandum by die Uniegebou en ambassades van Kuba, Rusland, Angola en die VSA te oorhandig.

"Die memorandum pleit vir 'n gebalanseerde vertelling van die geskiedenis wat verdraai word om doelwitte soos grondhervorming en regstellende aksie te regverdig," het Roets gesê.

Die projek is deur 'n ope brief in Afrikaans, in die vorm van 'n YouTube-video, aan die president gerig.

Verskeie kunstenaars, onder wie Steve Hofmeyr, Gerhard Steyn, Willem Botha en Jakkie Louw, verskyn saam met onder andere meningsvormers, woordvoerders van burgerlike organisasies en voormalige lede van die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) in die video.

> **Daar was nooit 'n Slag van Cuito Cuanavale nie.**
>
> — GENL. JANNIE GELDENHUYS

We Were There, die Engelse weergawe van genl. Jannie Geldenhuys, oudweermaghoof, se boek *Ons Was Daar*, wat pas verskyn het, sal saam met die memorandum oorhandig word.

Daarin word die storie van veldslae om Cuito Cuanavale by monde van sowat 60 medewerkers vertel. Hulle was almal soldate wat in dié tydperk by operasies rondom Cuito Cuanavale betrokke was, het Geldenhuys gesê.

"Daar was nooit 'n Slag van Cuito Cuanavale nie en is propaganda wat deur die Russe gefabriseer is. Operasies Modulêr, Hooper en Packer (1987-1988) het in die omgewing van die Lombarivier afgespeel."

Pres. Jacob Zuma het onder kritiek deurgeloop nadat hy by die ANC se eeufeesvieringe vertel het die SAW het groot nederlae by die "epiese Slag van Cuito Cuanavale" gely en dat dié slag 'n verandering in die politieke landskap van Suid-Afrika teweeggebring het.

Politieke ontleders het gesê geskiedkundige gebeure soos Cuito Cuanavale moet nie misbruik word om groepe in Suid-Afrika te polariseer nie.